# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

## 28 Junie 2020


Woordverkondiging op Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos Facebookblad en YouTube kanaal.

**OGGENDDIENS:** Prof. Gert Breed

**Tema:** Neem God se gawe in besit.

**God en ons ontmoet mekaar**
Votum; Seën; Loflied: Ps. 111-2: 1, 3; Geloofsbelydenis;

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet; Sing as antwoord op die wet:
Ps. 86-1: 6; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Joshua 1
Fokusvers: Joshua 1: 2
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawe; Sing: Ps. 92-1: 6, 7; Seën.

**AANDDIENS:** Student Riaan Andersen

**Tema:** God sál ons versorg. Erken sy versorging en vertrou op Hom deur eerstens sy koninkryk en geregtigheid te soek.

**God en ons ontmoet mekaar**
Votum; Seën; Loflied: Ps. 118-1: 1 en 12; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Matt. 6:5-13; 19-21 en 25-34 (Fokus vers: 32b en 33); asook HK, Sondag 50, V & A 125; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing: Sb 10-2; Seën.

**MEELEWING**

- Engela en Hendrico van Rooyen (Groep 13 - 078 535 7530) het die afgelope week toetse ondergaan en sal behandeling ontvang soos nodig.
- Ouderling Koos Jooste (Groep 20 - 072 266 6515) se dogter in die Kaap is met die Corona-virus gediagnoseer - dit gaan reeds beter met haar.
- Julialet Rens (Groep 6 - 083 235 2359) se ma van Groenwilgers word in Medikliniek se ISE vir die Corona-virus behandel.
- Kola Kruger (Groep 1 - 072 364 7124) se broer, Johna is die afgelope week oorlede.

***Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.***

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEWID**

Bert Floor, Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Koos en Marlene Jooste, Lana Labuschagne en Annette Coetsee.

**ONDERSTEUNING VIR SIEKES**

Vir ondersteuning of besoeke, kontak u ouderling of Adele (018 290 7690 / 082 532 8658) om die nodige reëlings te tref.

**KATKISASIE LESPROGRAM**



Volgens ons Kalender sou dit nou skoolvakansie gewees het en daar is dus nie Katkisasielesse geskeduleer nie. Ouers moet besluit of hulle ‘n blaaskansie wil neem met die katkisasie en volgens die Kalender wil bly werk en of hulle wil aangaan op eie tyd. Solank ons net teen einde Oktober al die lesse gedoen het.

**AANGEPASTE SONDAGPROGRAM VIR WOORDVERKONDIGING (UITSAAIDIENSTE) VIR JUNIE EN JULIE**

**28 Junie - Oggenddiens: prof Gert Breed / Aanddiens: student Riaan Andersen**
5 Julie - Oggenddiens / Aand Kleingroepe
12 Julie - Oggenddiens / Aanddiens
19 Julie - Oggenddiens / Aand Kleingroepe
26 Julie - Oggenddiens / Aanddiens

**HULP MET UITSAAIDIENSTE**

Baie dankie aan Eddie Coetsee en Corrie du Plessis met die opneem en redigering van die videos vir ons uitsaaidienste op Sondae. Ons waardeer die tyd en moeite wat julle hieraan spandeer sodat ons almal ‘n ryker geloofservaring kan beleef.

**PROGRAM VAN DIE WEEK**

**Vandag**
09:30 Oggenddiens op Facebook en YouTube
18:00 Aanddiens op Facebook en YouTube

**Donderdag**
18:00 Na-skooljeug Bybelstudie in Elim

**Saterdag**
1ste Kersmarkkeuring

**NA-SKOOLJEUG BYBELSTUDIE**

Ons nooi graag ALLE jongmense om Donderdagaand, 18:00 saam te kom Bybelstudie doen en lekker te kuier in Elim. Sien jou graag daar!






Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 29 Junie**
Br Steven Bezuidenhout 072 764 6063

**Dinsdag, 30 Julie**
Jsr Annelie v Vuuren

**Woensdag, 1 Julie**
Sr Joke Botha 082 840 6974
Br Hennie Heystek 072 517 1967

**Donderdag, 2 Julie**
Jsr Annabe Bester
Br Rianco Rheeder 074 785 0551
Br Frikkie v Zyl 082 610 9323

**Vrydag, 3 Julie**
Sr Marie du Plessis 084 504 6640
Sr Kiettie Willemse 082 413 1782

**Saterdag, 4 Julie**

Sr Elmien Halgryn 083 566 7683
Sr Carlien Kahl 072 879 8126
Br Antonie Labuschagne 082 320 8907

## TOPIA Saambid - en Kuiergeleentheid op Zoom

Jy word hartlik uitgenooi na 'n TOPIA saambid - en kuiergeleentheid via Zoom. Ons gaan terugvoer gee oor wat by TOPIA gebeur. Daarna gaan ons saam die Here dank en voorbidding doen. Kontak Lizanne Aucamp op 084 555 1890 om jou uitnodiging te ontvang.

**Waar**: **Zoom Video**

**Wanneer**: **Vrydag 3 Julie 2020**

**Hoe laat:** **19:00**

## BAIE DANKIE: SYFERFONTEIN

Baie dankie aan al die susters wat so fluks gebrei het aan die musse en serpe. Julle *liefdesdiens* aan die Syferfonteinkinders word opreg waardeer.
Koot en Engela

## ALGEMENE INLIGTING:

### WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Maak gerus weer gebruik van ons herwinnings-hok en kom laai in kantoor-ure af.

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en **slegs bydraes vir Barmhartigheid** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer 067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word: Facebookblad "Geref Kerk Potch-Oos"
Videos van Preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc.

Ds Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hulle indien jy dit wil ontvang.

## KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt 082 851 3637
: Erasmus Venter 072 154 9410
Kerkkantoor: Adele 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl 082 774 7936

## BANKBESONDERHEDE

**Geref. Kerk Potchefstroom-Oos**
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632 005

**Diakonie**
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632 005

**Susters**
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# *SUSTERS IN DIE GELOOF*

## *Intimiteit met God*

*Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan,*
*die opheffing van my hande soos die aandoffer.*
*Psalm 141:2*

## ***Teeskinkgeleentheid***

*Geen tee*

## ***Sustersbydrae***

*Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.*

***Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.***

## ***Blikkies-warmharte***




*Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.* ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

***Maak gerus steeds vir ons kleingeld bymekaar in enige blikkie / sakkie tot jou beskikking.***






## NUUS UIT DIE BYBELKOERANT

### WEDUWEE KOOP HAAR TWEE SEUNS LOS MET OLIE

JERIGO. - Die weduwee van 'n profeet het vandeesweek op 'n sonderlinge wyse van haar skuld ontslae geraak. Sy het kruike en kruike vol olie verkoop.



Die vrou, wat diep in die skuld geraak het sedert haar profeet-man se dood, het haar lot by die profeet Elisa gaan bekla. Al wat sy in daardie stadium oorgehad het, was 'n erdekannetjie olie. Omdat sy nie haar skuld kon betaal nie, het haar skuldeiser gedreig om haar twee seuns as slawe te vat in ruil vir die skuld. Op Elisa se bevel het die seuns leë kruike by die bure gaan leen, soveel dat die huis vol gestaan het. Toe het sy met die olie uit die erdekannetjie die leë kruike begin vul. Die olie het eers opgeraak toe die laaste leë kruik vol was!

Die geld wat hulle met die verkoop van die olie gekry het, was nie net genoeg om haar skuld te betaal nie, daar het selfs oorgebly dat sy en haar twee seuns daarvan kan leef.

Lees hierdie merkwaardige verhaal in 2 Kon. 4: 107


finish
start